

# Voorbeeld van 'n toets

Afrikaans Huistaal Graad 9

Tyd: 1 uur

**Totaal:** 55 punte

## Instruksies

Werk netjies en deeglik.

Deel die tyd in volgens die puntetoekenning:

Begripslees 30 minute

Taalstrukture 30 minute

## Afdeling A: Begripslees

Bestudeer die volgende visuele en geskrewe tekste en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

M4025435NO

### Is jy inni moeilikheid?

'n Boer maak 'n plan: 

Moenie ou koeie uit die sloot grawe nie  
en moenie die bobbejaan agter die  
berg gaan haal nie! 

Pak die bul by die horings en 

kom val met die deur innihuis by 

## Witrivier Drukkers

En siedaar!- Al jou drukkersprobleme het  
soos mis voor die son verdwyn!

kom sien ons vir die hoogste gehalte diens en kwaliteit en beste pryse!

Ons druk: Pamflette, Boeke, Brosjures, Plakkate,  
Besigheidskaartjies, Briefhoofde ;-)   
-en sommer vir jou ook!

**WR**

By Witrivier Drukkers maak  
ons jou probleem ons probleem  
en sorg dat ons die swaarkry  
met lekker kry klaar kry!

Tel: 013 751 2478 • Faks: 013 751 2473  
reception@whiteriverprinters.co.za  
Allie van Bergenstraat, Witrivier

DRUKKERS • PRINTERS

## VRAE

1. Van watter *moeilikheid* is daar sprake in die openingsin? (1)

2. 'n Klompie uitdrukking word gebruik om die drukkers se vernuf aan te dui. Kies enige een van die volgende en gee die verklaring daarvan: (1)
  - 2.1 Moenie ou koeie uit die sloot grawe nie.
  - 2.2 Moenie die bobbejaan agter die berg gaan haal nie.
  - 2.3 Pak die bul by die horings
3. Wat beteken dit om *met die deur in die huis te val*? (1)
4. Wat word in hierdie advertensie gebruik om die inhoud van die teks te ondersteun? (1)
5. *En siedaar! – Al jou drukkersprobleme het soos mis voor die son verdwyn! Watter gevoel word deur die tussenwerpsel gegee?* (1)
6. Nadat daar opgenoem word wat die drukkers alles druk, is daar 'n leestekengesiggie met bypassende woorde. Wat wil die leesteken-gesiggie te kenne gee? (1)

[6]

EN

## **Olifante se “praat” kan dowes help**

### ***Vibrasies nagevors waarmee dié reuse dalk kookus***

Deur Liezel Joubert

1. Navorsing oor hoe olifante voetjie-voetjie speel, kan 'n bydrae lewer om dowes te laat hoor.
2. Liefdesboodskappe, waarskuwings en raad word dalk deur seismiese vibrasies van olifantsvoet tot olifantsvoet oorgedra, het navorsers bevind.
3. Dr. Caitlin O'Connell-Rodwell, 'n wetenskaplike van die Stanford-universiteit in die VSA, gaan na verwagting binnekort haar nuutste bevindinge oor gevorderde seismiese seine publiseer.
4. O'Connell-Rodwell het in 2001 reeds in die *Stanford Report* uitgewei oor waarskuwingseine wat deur middel van lae-frekwensie vibrasies in die grond deur olifante gestuur word. Ander olifante “lees” dit deur hul pote.
5. *The New York Times* het onlangs berig O'Connell-Rodwell se navorsing dui ook daarop dat olifanttrope slegs op lede van hul eie trop se waarskuwingseine reageer en nie na raad van “vreemdelinge” luister nie.
6. Prof. Wouter van Hoven, waarnemende direkteur van die sentrum van natuurbeheer aan die Universiteit van Pretoria, het gesê hy glo dit kan te doen hê met verskillende dialekte wat olifante in isolasie aangeleer het.
7. “Dit is amper soos primitiewe volke wat hul eie dialek ontwikkel het. Dalk het die verskillende olifante slegs verskillende maniere om dié waarskuwingseine oor te dra,” het hy bygevoeg.
8. Dr. Conrad Brain, 'n navorser en veearts van Namibië, doen ook navorsing oor olifante en het gesê O'Connell-Rodwell, wat van haar navorsing in Namibië gedoen het, het hul studie-kamp gebruik.
9. Brain is egter nie so oortuig van die boodskappe wat deur die seismiese golwe oorgedra word nie.
10. “Daar is geen twyfel dat olifante wel vibrasies optel en uitstuur nie, maar daar hang steeds 'n vraagteken daaroor of hulle boodskappe met betekenis stuur,” het hy bygevoeg.
11. Brain se navorsing handel eerder oor infrasoniese seine wat olifante uitstuur en wat deur die lug oorgedra word. “Die belangrikste element van die navorsing waarmee ons besig is, is hoe om infrasoniese klank te kan gebruik om dié deel van die brein te stimuleer wat 'n dowe mens nie normaalweg sou gebruik nie.

12. “As ons dit kan uitvind, sal dit ’n manier vir dowes wees om met mekaar te kommunikeer,” het hy gesê.
13. Volgens *The New York Times* stuur O’Connell-Rodwell se navorsing ook daarop af om mettertyd te kan help dat dowe mense deur vibrasie kan “hoor”.

Uit *Beeld*, 2 Julie 2007, bl. 7.203

## VRAE

1. Waarom word die woord “*praaf*” tussen aanhalingstekens geplaas in die titel? (1)
2. Verduidelik wat met die woord *koukus* in die titel bedoel word. (1)
3. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig. Word *voetjie-voetjie speel* letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. (2)
4. Skryf neer of die volgende sinne feite of menings is.
  - 4.1 Prof. Wouter van Hoven, waarnemende direkteur van die sentrum van natuurbeheer aan die Universiteit van Pretoria, het gesê hy glo dit kan te doen hê met verskillende dialekte wat olifante in isolasie aangeleer het. (1)
  - 4.2 Dr. Conrad Brain, ’n navorser en veearts van Namibië, doen ook navorsing oor olifante en het gesê O’Connell-Rodwell, wat van haar navorsing in Namibië gedoen het, het hul studie-kamp gebruik. (1)
5. Vergelyk dr. Caitlin O’Connell-Rodwell se siening met die van dr. Conrad Brain ten opsigte van die manier waarop olifante kommunikeer.
  - 5.1 Waaroor stem hulle saam? (1)
  - 5.2 Waarin verskil hulle sienings? (2)
6. Wat is die verband tussen paragraaf 5 en paragraaf 6? Kies een van die volgende: (1)
  - 6.1 Die paragrawe is aanvullend en ondersteunend.
  - 6.2 Die paragrawe is teenstellend en kontrasterend.
  - 6.3 Die paragrawe het geen verband nie.
7. Verduidelik met behulp van ’n voorbeeld wat ’n dialek (paragraaf 6) is. (2)
8. Watter twee beroepe kombineer dr. Conrad Brain? (2)
9. Wat is die aard van hierdie teks? Kies een van die volgende: (2)
  - 9.1 humoristies informatief
  - 9.2 wetenskaplik informatief
  - 9.3 verhalend informatief.
10. Haal ’n woord uit die teks wat dieselfde beteken as ...
  - 10.1 trillings (1)
  - 10.2 afsondering. (1)
11. Watter geluid maak ’n olifant? (1)

[19]

Totaal: 25 punte

## Afdeling B: Taalstrukture en -konvensies

Gebruik die volgende tekste om die taalvrae te beantwoord.

### Slimkop

#### WAT RUIK SO?

Deur Fanie Viljoen

1. Is jou reuksintuig die grillerigste van jou 5 sinuie?
2. Wat is reuke?
3. Almal ken die aaklige reuk van stink voete of die heerlike reuk van 'n soet roos, maar reuke is mos onsigbaar. Hoe kan dit wees?
4. Reuke is in werklikheid baie klein molekules van kos, blomme, of ... hmmm, ander onwelriekende goed wat in die lug rondryf.
5. Reuke vermeng baie met mekaar. Ons ruik dus selde net een ding.
6. Hoe ruik ons?
7. Natuurlik deur jou neus. Jou neus se binnekant is soos 'n miniatuur grot met slymoortrekte kronkels. Asem jy in, stroom lug deur jou neusgate. Die haartjies in jou neus vang goggas, vuilgoed en stuifmeel vas.
8. Soos die lug verder deur jou neus stroom, word die gangetjies nog warmer en slymeriger. Gross!
9. Klein haartjies, wat ons sweephare noem, vee hierdie slym en vullis dieper in jou neusholtes in. Die lug word ook warmer soos dit deur jou neus spiraal en van die riwwe en slootjies afbons. Uiteindelik beland dit in die groter neusholte. Hier is dit 'n heerlike snotterige spul – en jy sluk BAIE daarvan!
10. Die reuke vloei nou boontoe en beland op 'n gebied bykans die grootte van 'n posseël. Dit is oortrek met miljoene reuksenuwee-selle. Die reukmolekules dryf deur 'n dik mosterdkleurige slymlaag en beland op 'n sensitiewe gedeelte van die senuwelle.
11. Hoe ken jou neus die verskillende reuke uit?
12. Die verskillende senuwelle het verskillende vorme. Die reukmolekules ook. Uiteindelik pas hulle inmekaar soos 'n sleutel en 'n slot. Die senuweeselle stuur dan seine na die reuksentrum in jou brein.
13. En so weet jy wat jy ruik!

Uit *Hoezit*, Julie 2011, bl. 40.204

### VRAE

1. Die woord *reuk* (paragraaf 3) is deur klinkerwisseling gevorm. Gee die oorspronklike woord waaruit hierdie woord gevorm is in die volgende sin: Die koffie (reuk) lekker. (1)
2. Die woord *onsigbaar* (paragraaf 3) se betekenis kan afgelei word deur die woorddele te ontsyfer.
  - 2.1 Wat beteken die voorvoegsel *on-*? (1)
  - 2.2 Van watter woord is *sig* deur klinkerwisseling afgelei? (1)
  - 2.3 Wat beteken hierdie woord? (1)
3. Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan wat dieselfde beteken as *klein formaat*. (1)

4. Hoekom word die woord *goggas* (paragraaf 7) nie in die meervoud met 'n afkappingsteken gespel nie, maar die woord *karba's* wel? (1)
5. Die woord *vas* kom in paragraaf 7 voor. Gee die oortreffende trap van hierdie woord in die volgende sin: Die tou om my lyf was vas, maar Kobus s'n was die (*vas*). (1)
6. Die woord *lug* kom in paragraaf 7 voor. Kies die korrekte woord tussen hakies: Die meisie (*lig / lug*) haar mening oor die stink reuk. (1)
7. Haal 'n klanknabootsende woord uit paragraaf 9 aan. (1)
8. Skryf die enkelvoud van die woord *riwwe* (paragraaf 9) neer. (1)
9. Skryf die volgende woorde geneem uit paragraaf 9 oor en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom. Dui ook aan as daar nie 'n diftong in die woord voorkom nie: klein, slootjies, neusholte. (3)
10. Die woord *boontoe* (paragraaf 10) word vas geskryf. Skryf die volgende sin oor en korrigeer ten opsigte van die los- en vasskryf van woorde: Hy het huistoe gehardloop, want sy pa het gesê dat sy hond oppad soon toe was. Onderstreep die woorde wat jy reggemaak het. (3)
11. Die woord *posseël* word met 'n deelteken gespel om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en plaas deelttekens op waar nodig: beïnvloed, dieet. (2)
12. Watter betekenisverandering sal die woord *dryf* (paragraaf 10) ondergaan as dit oorrond uitgespreek word? (1)
13. Die woord *grootte* kom in paragraaf 10 voor. Onderskei deur kort sinnetjies tussen *grootte* en *grote*. (2)
14. Die woorde *slot* en *sleutel* kom in paragraaf 12 voor. Van watter woord is albei hierdie woorde deur klinkerwisseling afgelei? (1)

[22]

EN

### 'n Ware wolhaarstorie

1. Die skaap is met miljoene fyn wolwesels bedek, wat vag genoem word. Hierdie wol is een van die mens se heel belangrikste kledingstowwe.
2. 'n Wolvesel van 80 mm kan tot 100 mm uitgerek word sonder dat dit breek. Wolvesel krimp egter baie stadig nadat dit gerek was en bly daarna nog gekartel. Wol is 'n swak geleier van hitte, deels vanweë die lug (self 'n swak geleier) wat tussen die gekartelde vesels ingesluit is. Dit is een van die redes waarom wolklere ons so lekker warm kan hou.
3. Wol is boonop in staat om baie vog te absorbeer. Sweet word baie vinniger deur wol opgeneem as deur enige ander vesel. Op die koop toe straal wol 'n klein bietjie hitte uit wanneer dit vog absorbeer – nog 'n rede waarom 'n mens 'n woltrui soveel in die wintermaande waardeer.
4. Tog word wol ook vandag ingespan om 'n mens in die somer koel te hou. Die woldraadjie word dunner en stywer gespin sodat minder lug vir isolasie ingesluit word, en die materiaal word nie so styf geweef nie, sodat die lug vrylik daardeur kan beweeg.

Uit *Huisgenoot*, 28 Augustus 1997.

### VRAE

1. Benoem die klankverskynsel wat in die volgende woorde voorkom:
  - 1.1 mens (paragraaf 1) (1)

- 1.2 ander (paragraaf 3) uitgespreek as anner. (1)
2. Verduidelik hoe vokaalreduksie die uitspraak van die woord *vandag* (paragraaf 4) beïnvloed. (1)
3. Skryf die teenoorgestelde van die woord *ingesluit* (paragraaf 2) neer. (1)
4. Skryf eers die woord *hitte* (paragraaf 3) se klankgrepe en daarna die lettergrepe van dié woord neer. (2)
5. Die woord *isolاسie* (paragraaf 4) is van toepassing.
- 5.1 Vorm 'n werkwoord van hierdie woord in die volgende sin: Jy moet wol gebruik om die hitte te (isolاسie). (1)
- 5.2 Skryf die woord *isolاسie* oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)

[8]

Totaal: 30 punte

**GROOTTOTAAL: 55 PUNTE**